

Saterdag 29 Desember

Skrifgedeelte: 1 Kronieke 29:10-19 (1933/53-vertaling)	Fokusgedeelte: 1 Kronieke 29:11; Heidelbergse Kategismus 52:128
---	--

Gee ál die eer en heerlikheid aan ons Vader, want Hy is dié Koning

Ons noem die afsluiting van die “Onse Vader” die lofverheffing. Aan die einde van ons gebed gee ons ál die eer en heerlikheid aan Hom alleen, want Hy is dié Koning.

Ons bely aan die einde van ons gebed dat ons Vader wat in die hemel is dié Koning van hemel en aarde is. *Aan U behoort die krag en die heerlikheid tot in ewigheid.* As ons, sy kinders, iets van Hom vra, dan kán Hy dit aan ons gee, want Hy besit ál die krag – nie net die mééste krag nie. Hy is die Bron en die Oorsprong van alle krag in die hemel en op aarde. Die woord *krag* kom van die Griekse woord *dunamis*. Dit is die oorsprong van ons woord *dunamo* of kragopwekker. ’n Kragopwekker máák mos krag! So is *ons Vader wat in die hemel is*, die groot Kragopwekker wat aan alles en almal krag gee. Daarom kan ons vir seker weet: NIKS is vir Hom onmoontlik nie! Hy sal nooit vir ons sê: Ek kán nie! Hy kán alles wat vir ons goed is, aan ons gee – en Hy sál dit gee omdat Hy ons liefhet. Hy het mos vir ons gewys hoe lief Hy ons het toe Hy sy eie Seun gegee het om ons straf in ons plek te dra!

Al die heerlikheid behoort ook aan ons Vader. *Heerlikheid* beteken: al die mooi dinge waaraan jy kan dink – byvoorbeeld die mooiste plante en diere en voëls, ensovoorts – dit álles, en nog baie meer, kom van ons hemelse Vader af en behoort aan Hom. Daarom moet jy Hom eer vir ál die mooi dinge. Ons moet Hom ook nie net af en toe eer nie. Ook nie net vir ’n tyd nie. Ons moet Hom vir altyd eer!

Het jy hierdie afgelope jaar só gelewe dat almal kon sien jy gee ál die eer en heerlikheid aan ons Vader wat in die hemel is? Het jy Hom as jóú Koning erken en gedien?

Sing: Psalm 146-1:1, 2

Ds. AP (Abraham) Krüger (Wolmaransstad)